

INHOUDSOPGAWE

Saamwoon met Christus	1
Wat 'n werk!	6
Die les van die olim- piese gode	8
Tiener wees	10
Christus beheers ons	13

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

SAAMWOON MET CHRISTUS

E Brink

'Onbewoonbaar verklaar', was die woorde wat op die buitemuur van daardie bouvallige woonstelblok gepryk het. Dit het leeggestaan, reg om gesloop te word of gereed vir algehele opknepwerk. 'n Paar studente sonder huisvesting het die waarskuwing geïgnoreer en daar ingetrek. Hulle het van die leë gebou gebruik gemaak en het daar begin woon. Een van hulle het 'n goeie plan gekry. Hy het 'n soortgelyke bordjie gemaak met die woorde: 'onverklaarbaar bewoond'!

Woonruimte

Onverklaarbaar bewoond. Mens kan dit ook van Christene sê. Dit gaan dan nie oor mense wat in 'n bouvallige huis woon nie, maar dit gaan oor Christus wat in gewone mense wil woon. Is dit dan moontlik om in mense te woon? Is daar genoeg ruimte hiervoor? Beslis! Hoe baie dinge 'woon' daar nie in ons nie! En watter dinge alles kan daar nie in ons aangaan en rondspook nie! *Om te woon* is die beeldende taal wat in die Bybel gebruik word vir hierdie saak. 'n Menselewe word voorgestel as 'n huis wat bewoonbaar is, en ons liggaam word 'n tempel van die Gees genoem. Dit bly egter nie net by beeldende taal nie, maar dit is ook 'n werklikheid vir



dié wat glo.

Ons almal is eintlik deur God as onbewoonbaar verklaar. Dit is omdat ons van nature hoegenaamd geen ruimte aan Hom wil afstaan nie. Van nature wil ons liever baas wees in ons eie huis. Die sonde het deeglik huisgehou binne in ons en eis nog steeds daardie ruimte op. Ons is eintlik onbewoonbaar verklaar deur God. En tog kan ons deur sy Gees bewoon word. As Hý by jou inwoon, is dit as gevolg van Christus se verdienste! Sý liefde is onverklaarbaar.

Toegang

Maar hoe weet ek of die Here by my inwoon of nie? Moet ek in myself 'afdaal' en soek of ek Hom daar aantref? Daar is mense wat dit al so voorgestel het. Volgens hulle het elke mens 'n geestelike sentrum en jy moet probeer om toegang daartoe te

verkry. Net die Heilige Gees kan aan jou toegang tot daardie geestelike deel verskaf, waar jy Christus dan kan ontmoet. Ek moet wag totdat Hy my, van binne af, so 'n toegang kan gee. Is dit so? Het ek werklik so 'n binnekamer in my waar ek my geestelik in moet verplaas? Maar hoe kan ek dit bereik?

Paulus leer ons 'n ander taal. Hy sê: Christus se *Woord* moet ryklik in julle woon (Kolossense 3:16)! Dis nie 'n fluister-stemmetjie wat op 'n geheimsinnige manier uit jou binneste opkom nie. Dit is 'n hoorbare stem wat van buite af na jou toe kom, met die versoek om binne te kom. Dit kom dus nie uit jouself uit op nie, maar die Woord kom van buite af en spreek jou aan in jou lewe. Christus werk aansprekend, Hy praat met jou. Hy klop met sy Woord, Hy vra toegang met sy Woord. Hy verwerf ingang deur middel van sy Woord. So kom Hy ons lewe binne en eis vir Homself woonruimte op. Met sy Woord oefen Hy invloed uit. Hy wil jou beïnvloed, sodat jou lewe vol word van Hom. Dit is slegs moontlik as sy woorde 'n belangrike plek in jou lewe inneem. Hy wil hê dat sy Woord by jou tuis is en dat jy tuis raak in sy Woord.

Dus nie slegs afwag dat iets moet gebeur nie. Want Christus stel jou ver-ant-woord-elik. Hy roep jou tot verantwoording. As sy Woord in my woon, kry Hy die ruimte om my aan te spreek. As sy Woord in my woon, laat ek Hom baie persoonlik my lewe regeer. In Hom het ek 'n Heer wat dan volle seggenskap oor my lewe het. Hy is die enigste wat 'n sê het. Ek is bly dat Hy die volle sê het. Hy is die Heer van die huis.

Niks te gewoon nie

Wanneer die Here by my intrek, neem Hy dus nie net 'n geestelike gedeelte in beslag, een of ander binnevertrek nie. Nee, Hy wil volledig by my inwoon. Dit blyk baie duidelik uit die

volgende oproep: “*doen alles in die Naam van die Here Jesus*” (Kolossense 3:17). Alles wat jy doen, elke woord, elke werk. Dit is nie niks nie! Dit gaan nie oor amper alles, of so ongeveer alles nie. Dit gaan regtig oor álles wat jy doen of sê. Waar jy ook al gaan of staan. Wat jy ook al doen of uitrig. Niks word uitgesonder nie. Geen sekonde, geen woord, geen oogopslag, geen voetstap, geen gebaar – doen álles in die Naam van die Here Jesus. Alles wat jou hele lewe omvat – werklik allesomvattend.

Die opdrag om die Here Jesus in alles te betrek, veronderstel dat Hy ook in alles betrek wil word. Dit is wonderlik. Hy stel volledig in jou belang. In jou lewe van elke dag, in alles, tot in die kleinste besonderhede. Vir Hom is daar niks te gewoon of te eenvoudig nie. Hy is nie net geïnteresseer in 'n geestelike deel van jou bestaan nie, 'n geestelike 'bo-verdieping' nie. Dit is juis die

**Hy wil so vertrouwd met jou wees,
asof Hy self by jou inwoon.**

dwaling wat deur Paulus bestry word, van mense wat roep: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie.... Nee, Hy wil so vertrouwd met jou wees, asof Hy self by jou inwoon. Sterker gesê, dis nie 'asof' nie. Hy wil regtig in jou woon! Hy leef saam met jou. Hy lewe Homself heeltemal in jou in - Hy het Goddelike inlewingsvermoë. Hy het algehele insig. In Hom is al die skatte van wysheid en kennis verborge (Kolossense 2:3).

Alles wat jy doen en sê, kan jy met Hom deel. Hy wil betrokke wees. Hy wil graag hê dat ek Hom in alles moet betrek, dat ek in elke vertrek vir Hom alle ruimte gee. My alledaagsheid kies Hy as sy woning. Hy het mos alles wat myne is, gekoop en betaal. Nie slegs 'n klein gedeelte van my lewe nie, maar my hele lewe, met liggaam en

Die erkenning van sonde is die begin van verlossing.

- Martin Luther

siel. Daarom het Hy ook onbepaalde gesag oor al my doen en late. "Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid" (Kolossense 1:27).

Saamwoon

Is dit ooit aanloklik dat iemand by jou inwoon? In ons lewens sal daar sekerlik terreine wees waar jy - normaal gesproke - liewer niemand toegang wil verskaf nie. Daar is gebiede waar jy niemand kan of wil toelaat nie. Om by die beeld van die huis te bly: die solder met sy donker hoekies vol angst; die gangkas met sy bekommernisse; jou slaapkamer met jou seksuele lewe; jou kombuis voor die stoof: met al jou planne, drome, ideale en wense; die kelder van jou onderbewuste lewe, waar jy die persoonlike herinneringe bêre, ervarings uit jou jeug. Hierdie plekkies bewaar jy hoogstens vir jou man of jou vrou, vir jou beste vriend of vriendin. Of jy hou dit net vir jousef! Dis te intiem om te deel. Mag ek dan niks vir myself hou nie? Verloor ek nie op so 'n manier my eie selfstandigheid nie?

Weet met wie jy te doen het! Dit is meer as net 'n gewone mens met wie jy in vertroue omgaan. Hy is Heer. Hy is vóór alles, alles is in Hom geskape, alles het sy bestaan aan Hom te danke. Hy is bó alles, alles is tot Hom geskape (Kolossense 1:15-17). En alles wat myne is, behoort aan Hom. Hy het alles van my opgekoop, ook my intiemste, persoonlikste dinge. Hy is die Huisbaas van my hele lewe. Hy het reg daarop. Maar dit moet duidelik wees dat Hy niks forseer nie. Hy oefen geen dwang uit nie, Hy vra (eintlik!) maar net woonruimte in 'n



huis wat Hy self gekoop het. Dis sy heerlijkheid! Jy kan daarop reken. Sy aanwesigheid verdring nie my selfstandigheid nie! Daarvoor is Hy Seun van God. Hy ken sy skepsels. Hy laat vir jou genoeg ruimte om selfstandig te bly en ook daardie selfstandigheid te beleef. Hy gee jou verantwoordelijkheid. Die gelowige kan homself wees. Sy aanwesigheid verstik jou nie. Hierin is Hy uniek, want niemand is so nie. Maar daarvoor is Hy immers Seun van God. Om afhanklik te wees en selfstandig te bly, kan by Hom saamgaan. Nog sterker: hoe meer jy van Hom afhanklik is, hoe meer selfstandig word jy. Onverklaarbaar bewoond. Hierdie geheim lê verskuil in sy liefde!

In die Naam van Jesus

Die opdrag bly ... doen alles in die Naam van die Here Jesus. Is dit haalbaar? Hy spreek my op elke gebied aan. Hy lê volledig beslag op my. Hy oefen algehele seggenskap oor my uit. Maar kan ek

daardie verantwoordelijkheid hanteer? Is ek werklik in staat om sy Naam te verbind aan *alles* wat ek doen en sê? Is dit nie ook bedreigend nie? Daar sal tog ook sekerlik genoeg dinge wees waaraan Hy nie sy Naam kán verbind nie, waar Hy nie mee kan saamstem nie. En dink bietjie hoe dit sal voel as jy aangespreek word oor alles wat jy doen en sê. Dat jy regtig vir alles aanspreeklik gehou sal word. Daar is niks wat sy oog ontgaan nie. Niks gaan onopgemerk by Hom verby nie. Jy moet van alles rekenskap kan gee. Gaan lees dan nou die sin met 'n ander aksent: doen alles, wat jy ook al doen in woorde of werke, in die Naam van die Here *Jésus*: dit is Redder, Behouer. In jou omgang met Hom word

Geloof is die absolute teenmiddel vir geldgierigheid.

- J Calvyn

jy al hoe meer bewus daarvan *hoekom* Hy Homself gegee het. Só ver en só diep moes Hy vir jou gaan. Só groot is sy liefde vir jou. As jy vir Hom seggenskap oor jou lewe gee, word jy al hoe meer van jou sondes bewus en dring dit al hoe dieper tot jou deur, hoeveel Hy vir jou omgee, hoe lief Hy jou het.

Om te dank is om van genade te getuig

Moet ek dan die hele dag aan die Here dink, in alles wat ek doen? Dit gaan moeilik wees. Maar ... Hy dink wel aan my. Dit is genade dat Hy soveel aandag aan my bestee, dat Hy homself so in my verdiep. Ek mag getuig van sy genade. Dit is eintlik die letterlike betekenis van die woordjie 'dank' in die Nuwe Testament! Danksegging sonder genade is ondenkbaar. En daardie woord 'genade' bring my altyd weer by Christus. Lewe met Christus lei tot 'n dankende

Partykeer moet jy vir 'n week lank om die muur van jou probleme heentrek, maar dan, vol danksegging.

lewe. Die Vader het Hom gestuur. Maak nie saak hoe hard ek dink nie, ek weet nie van 'n mooier geskenk nie. Ek dank Hom dat ek Hom my Here mag noem, dat Hy sy Naam aan my wil verbind. Om te dank is om aan Hóm te dink. Sy Woord laat my dadelik aan Hóm dink. My danksegging begin met die voorreg om te erken dat ek die Here Jesus op sy Naam mag noem.

Maak dood die vanselfsprekendheid

Van nature raak dinge baie gou vanselfsprekend, want mens raak vinnig aan iets gewoond. Maar ons danksegging tree in 'n stryd hiermee. Niks is meer vanselfsprekend nie. Daarvoor wil die Here jou oë voortdurend

oopmaak. Danksegging ontstaan wanneer Christus aan die woord gestel word. Die Heilige Gees is jou leermeester. Hy sorg daarvoor dat jy Hom nie vergeet nie, sodat jy Hom kan dank. Vir die lig in jou oë, die hande waarmee jy voel, alles waarmee jy toegerus is vir elke dag. Dankie Here: vir U Woord, vir die moontlikheid om ons kennis van U te verdiep, vir goeie leesstof, vir gesondheid, vir vryheid, vir..... Danksegging is dus 'n daadwerklike uitspraak van jou dank. Dit is om 'n stryd aan te gaan met die vanselfsprekendheid. Dit is om jou te oefen in bewuswording. Kyk net hoe ongelooflik baie het ek van U ontvang! Alles wat ek het, is Syne.

Dankbaar maak gelukkig

Ons kan baie maklik ontevrede raak en nie meer bewus wees van alles wat ons wél het nie. Elke mens het op 'n tyd te make met onvrede. In baie van sy briewe roep Paulus die Christene op tot 'n lewe van dankbaarheid. Dankbaar wees onder alles en in alle omstandighede. Hoe is dit moontlik? Die geheim daarvan is dat jy elke keer met Christus moet begin. Dankie dat ek U mag ken en by U mag kom. Juis ook as die lewe moeilik word, moet ons erken: wat 'n voorreg dat ek vir U het. Christus sê dit vir jou in sy Woord: jy het mos vir My....! Dis 'n bewys van dankbaarheid as jy Hóm in jou benoudheid aanroep (vgl. Psalm 50:14-15).

Dankbaarheid gee baie ruimte en spoor jou aan. Ondankbaar maak ongelukkig. Dankbaar maak gelukkig. Dit gee jou energie om die lewe te kan hanteer. Partykeer moet jy vir 'n week lank om die muur van jou probleme heentrek, maar dan, vol danksegging (Dink aan die geskiedenis van Jerigo – Jos 6). Dit druk jou in Christus se rigting. Deur danksegging kan jy jou aandag rig op *wie* God vir jou gegee het, en hou jy op om te dink aan *wat* jy nog nie het nie. Ons kan baie wense

Die probleem van die oorsprong en doel van die lewe het die filosoof en die wetenskaplike ontgrip, maar die eenvoudigste navolger van Christus ken beide se antwoord.

hê, en dit mag ook, maar asseblief nie sonder danksegging nie. Laat al jou wense by God bekend word, met smeking, en met danksegging (Filippense 4:6-7)! Dankbaarheid is 'n kragtige enjin vir jou gebedslewe. Jou gebede word kragtiger daardeur. Selfs op daardie oomblikke wanneer jy nie dankbaar voel nie, kan jy tog dankie sê, of dit miskien selfs uitsing!

Dit leer jou om tevrede te wees met wie jy is en wat jy het. Dit is inderdaad 'n leerproses. Ook dít vra baie werk van die Heilige Gees, met die bedoeling om ons klein te hou. Hy worstel met ons ontevredenheid. Hy worstel ook met ons hoogmoed dat ons meer wil wees as wat ons is, of dat ons meer wil kan doen as wat ons werklik kan vermag, nie. Daar is niemand wat beter weet van watter stoffasie ons is nie. Hy weet watter skepsels ons is en ons beperkings. Om dit te kan erken, vra partykeer 'n hele verandering in denke. Dan beland jy weer by die Woord, wat jou denke beïnvloed en jou na Christus se beeld wil verander. Hy werk ook so in jou, dat jy die eer nie na jouself toe trek nie, maar na God die Vader toe. Alle goeie werk wat ek lewer of waar ek presteer, is allenig aan Hom te danke.

Alles in verbinding met Christus

Wie kan so 'n dankende lewe leef? Wie is daartoe in staat? Niemand beter as God self is bewus van al die kere toe ek vergeet het om Hom te dank nie, vir die alledaagse en vir buitengewone seënninge. Hoeveel skiet ek nie te kort nie! Wie kan dan so lewe? Doen alles in die Naam van die Here Jesus, en dank God die Vader *deur* Hom. Dit is Christus se aktiwiteit. Hy vul aan daar waar ek tekort skiet. Hy verwoord my dank as ek self nie weet hoe nie. Deur Hom! So kom ek by die Vader uit! Hy bring alles onder sy heerskappy. Hoe meer jy hierdie woorde oordink, hoe meer kom jy by Christus uit. Selfs my danksegging is Sy werk! Hy rond alles af en vul al my tekortkomings aan.

Wat 'n genade as Christus deur sy Gees by jou inwoon. Wat 'n waardevolle skat as sy Woord invloed uitoefen. Hy werk opbouend, selfs in sy kritiek. Hy werk heilsaam en herstellend. Hy maak van my lewenshuis 'n paleis om in te woon. Hy doen al die voorbereidende werk, totdat ek eendag heeltemal gaan tuis wees. Totdat God alles is in almal. Totdat die hele nuwe mensewêreld bewoonbaar verklaar word (Openbaring 21:3). Onverklaarbaar bewoond, uit liefde, danksy Christus.

Geen mens kan hard wees in sy oordeel oor ander terwyl hy weet dat die milde oë van Christus op hom gerig is nie.

- Charles Hodge

WAT 'N WERK!

JH Velema



As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

Romeine 8:31

Is God *vir* elke mens, en is elke mens kragtens hierdie sinnetjie reg met God? Kan almal van die standpunt uitgaan: God is vir my, ek kan maar rustig verder lewe?

Dit sou 'n fatale vergissing wees. As iemand in dié waan sou lewe, sal hy bedroë uitkom.

Paulus praat as 'n gelowige met gelowiges. Die 'ons' van hierdie teks is die gelowiges in Rome, aan wie Paulus die brief skryf. In die voorafgaande hoofstukke het hy die mens wat in sonde leef, maar in wie se lewe God se Woord geklink het en God se Gees gewerk het, helder en duidelik geteken. Ja, dit is nie 'klein sakies' wat die skrywer in hoofstukke 5 tot 7 aan die orde gestel het nie. "*Omdat ons dan uit die*

geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus" (Rom. 5:1). Dit geld net vir hulle wat glo. Só moet ons alles bekyk wat in Romeine 8 geskryf is, asook die loflied van die geloof waarmee Paulus die hoofstuk afsluit. Dié loflied kan net deur 'n gelowige gesing word en dit is ook net vir 'n gelowige bestem. En omdat dit die rykdom van die geloof besing, kan dit ook alleen in die geloof verstaan word.

Dit is 'n wonder dat God vir sondaars kan en wil wees, maar daar het baie werk voorafgegaan. Paulus het daarvoor geskryf. Wanneer ons oor hierdie teks nadink, is dit nodig om 'n bietjie terug te kyk en na te gaan wat alles hieraan voorafgegaan het. Dit bring ons by die uitvoering van God se heilsgedagtes. Wat moes nie alles verrig word sodat Paulus dit kon sê, en ons dit in geloof kan nasê, nie! In geloof nasê — dit beteken bely, eenmaal en telkens weer. Belydenis doen is nie om iets nuuts te sê nie. Dit is nie die inhoud van die belydenis wat nuut is nie, maar dat 'n sondige mensekind soos u en ek dit sê, dít is elke keer nuut. Daarom is 'n belydenis altyd weer 'n nuwe begin.

Wat moes daar dan alles gedoen word dat ons dit kan bely?

Allereers, van God se kant: Hy moes sy Seun stuur, wat in ons plek kon en wou staan. Hy moes kom staan in die plek van mense wat teen God is en teen wie God is. Dit het Jesus Christus tot in sy diepste wese ervaar. Hierdie plek het immers meegebring dat God nou teen Hom moes wees. Hy was met elke hartklop van sy lewe vir God en nou was God teen Hom. Dit was

Slegs hulle wat 'n hart het om werklik te help, het die reg om sensuur toe te pas. Die res is net wreedheid en onregverdig.

- Samuel Medley

vir Hom 'n onpeilbare lyding. O Vader, hoe kan U nou teen My wees, Ek wat altyd vir U was? Waarmee het Ek dit verdien? Hy het dit uitgeroep: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* (Matt. 27:46; Mark. 15:34). Waarom is U heeltemal teen My, U eie Seun? Maar dit was die gevolg van sy borgskap. En ons, wat teen God is, moet sê: dit het alles gebeur weens my sonde.

Maar dit is vir elkeen nodig om te besef dat dit nie vanselfsprekend is dat God vir ons is nie.

Hierdie heilswerk het die Seun die dood gekos. Hy het sy bloed gestort sodat God vir sondaars kan wees.

Maar daarmee het die sondaar nog nie tot God gekeer nie. Die verlossing moet in mense se lewens inkom. As God vir my is, dan moet ek, wat teen God ingaan, vir God wees. My nee moet verander word in 'n hartlike ja.

Christus het sy Gees uitgestort, en die Gees bring die verlossing tot sy doel. Die Gees werk so in iemand wat teen God is, dat Hy na God begin vra, Hom soek, sy afkeer aan God bely en gaan roep om God se genade. Ja, die Gees open die oë vir daardie groot wonder: God is vir

ons.

Daar is verskillende weë waarop die Here gaan om dit in mense se lewens uit te werk.

Baie wat op die erfgrond van die verbond gebore is, ken nie 'n duidelike rigtingverandering of 'n aanwysbare keerpunt in hulle lewe nie. Op sigself is dit ook nie nodig nie. Maar dit is vir elkeen nodig om te besef dat dit nie vanselfsprekend is dat God vir ons is nie. As ons onder die Evangelie, as't ware in die kerk, gebore is, moet mens persoonlik by dié Evangelie 'betrek' word. Dit kan plotseling of geleidelik wees. Daar kan 'n tyd van teenstand en stryd wees wat deur 'n onverwagte gebeurtenis meteens verander. Dit kan ook wees dat, deur die prediking of die lees van God se Woord, dit is asof God op 'n dag baie persoonlik tot ons spreek, asof ons eie saak nou direk op die spel is. Dán skielik word ons oë vir God se wonder en werk geopen: Hy is vir ons.

Hoe ouer ons word en hoe langer ons op die geloofspad is, hoe beter verstaan ons wat hierdie belydenis inhoud: God vir ons!

Vir my, Here?

My God ek sal u ewig loof, omdat Ú dit gedoen het.

Wonde kan nie genees word totdat hulle onthul word nie, en sonde kan nie vergewe word totdat hulle bely word nie.

- Martin Luther

DIE LES VAN DIE OLIMPIESE GODE

Leo Smelt

Die Olimpiese spele vind plaas in 'n steeds meer 'godsdiensstige' omgewing. Dit is in ons bloed om mense tot gode op te hemel en ons as mense om van sulke ophemeling te geniet.

Olimpiese Spele en Olimpiese gode was nog altyd bondgenote. Om in vuur en vlam te staan, speel by albei 'n hoofrol. Die sleutelwoord is “en-toe-siasties” (= “in god wees”). Die spele is aan die god Zeus opgedra. Die godin Nike het die gunsteling wat die lourierkrans sou wen, uitgekies — uitverkore vir go(u)d.

Daar kom 'n steeds groter gevoel vir die religieuse agtergrond van die Spele. Die rituele kom deesdae sterk na vore. Die kameras fokus op biddende atlete en vererende toeskouers. Die heidense religieuse klimaat slaan op en die lug word swanger aan bygeloof.

Nou kan ons ook die Bybelverhaal van Handeling 14:8-20 beter verstaan.

Die genesing van 'n verlamde man deur Paulus bring nie aanbidding van die één ware God nie, maar gee aanleiding tot 'n uitgesproke bygelowige reaksie. Die heidense sy van die bewoners van Listre kom daardeur sterk na vore.

Die kwaal van die man word drie maal beskryf. Sy toestand was hopeloos en uitsigloos. Terwyl Paulus die man skerp aankyk voor sy genesing, word dit 'n geloofshandeling. 'n Paaswonder gebeur, soos trouens ook aan die einde van die Skrifgedeelte, waar Paulus, nadat hy gestenig is, opstaan.



Sensasiewekkend

Die gerug oor die wonder versprei soos vuur in Listre (in die streektaal wat nie deur Paulus en Barnabas verstaan word nie). Die gerug word gaandeweg ingekleur en opgesmuk. Paulus en Barnabas word steeds meer opgehemel. Van supermense word hulle halfgode, en uiteindelik word hulle deur die massa as hulle gode, Zeus en Hermes, in mensgedaante gesien. As die priester bykom, is die fees volmaak. Hy sien die voordeel vir hom. Die stad kry die reuk van naam en faam. Hulle sal die beroemdste Zeus-tempel in die land kry! Daarvoor sal hulle 'n groot offer afstaan: bulle met krans om die nek, toonbeelde van krag en vrugbaarheid.

Paulus en Barnabas voorkom ter nouernood dat aan hulle geoffer word. Hulle skeur hulle klere om daarmee te sê: dit is godlastering, heiligskenis. Hulle roep dit uit: Wat doen julle? Ons is mense net soos julle. Ons is nié gode nie! En die gewigtige woord “bekering” val soos 'n klip in die heidense waterpoel. Hou op om

Die manier en doel van tug moet regstellend wees en nie haatdraend nie; vir genesing en nie vir vernietiging nie.

- John Owen

sinnelose seepbelle te blaas en bekeer julle tot die lewende God. Paulus en Barnabas steel nie die eer wat Hom toekom nie. Hulle laat hulle nie ophemel en bewierook nie, al loop hulle só die kans om eensklaps beroemd te word, mis.

Ophemeling

Om mense op te hemel en om jouself sulke ophemeling te laat welgeval, is verleidelik. Dit is in ons heidense bloed. Mens hoor van die 'hemelse bene' van 'n top atleet of balspeler of van " 'n goddelike skoonheid". Jy sien hoe mense mal word, versot raak op hulle 'idols' en topmusikante. Politieke (ver)leiers wat beloop om die paradys te bring, word deur die volk op die hande gedra, maar word ook spoedig weer verguis.

Gaan dit in die Christelike samelewing werklik anders? Topdominees word opgehemel, dikwels om daarna weer afgeskiet te word. Vergelyk dit met hoe dinge vir Paulus afgeloop het ...

Waar kom die heidense gedoente telkens vandaan? Ek sien twee oorsake:

As jy op supermense versot raak, raak jy verder van die lewende God en jy kom nie tot

aanbidding van Hom nie. Deur mense op te hemel, ontduik jy ook baie gou jou verantwoordelikheid en gehoorsaamheid aan God. Wie byvoorbeeld 'n 'sendingheld' bewonder, hoef dan nie self evangelisasiewerk te doen nie.

God kan ons net by Sy werk inskakel as ons werklik 'mense' bly.

Dit is makliker om skepsele te verheerlik as om die Skepper te loof. Ons ruil die Gewer van alles in, vir die besit van sy goeie gawes.

Daar is hierdie jaar weer pogings aangewend om postmoderne heidene met die evangelie te bereik, ook by die Olimpiese Spele, op kampe, Bybelstudies ens. 'n Stadion vol gestorwe heiliges (Hebreërs 12:1-2) moedig ons aan om, soos Jesus en Paulus, die blye boodskap te bring en om daarmee te volhard. God skep steeds landingsplekke vir sy evangelie. Dit bly 'n voorreg om 'n 'kreatiewe' medewerker van Hom te wees, maar Hy kan ons net by sy werk inskakel as ons werklik 'mense' bly.

Die ware Christelike kerk is die werk van die Woord wat op allerlei maniere gekommunikeer is.

- Martin Luther

TIENER WEES

J Wesseling



Geïrriteerd

Hy is so geïrriteerd. En nie net 'n bietjie nie! Hy het sy kamerdeur woedend toegegooi by die huis. Daar is ook altyd net nóg verpligtinge. Hierdie een keer was sy huiswerk betyds klaar, sodat hy sy nuwe rekenaarspeletjie kon uittoets. Hy wil bietjie kyk hoeveel vlakke hy kan wen. Maar helaas, sy ma roep. Hy moet katkisasie toe gaan.

En is hy lus dáárvor... Sy hele dag by die skool was reeds goor. 'n Onvoorbereide toets geskryf waarin hy swak gevaar het. Die laaste periode se onderwyser het 'n slegte dag gehad. Hy voel sommer waardeloos.

Nou moet hy ewe vroom in die katkisasie klas gaan sit. Nou ja, dis nie vir hom nie.

Katkisasie

Nukkerig loop hy by die kerksaaltjie in. Buitekant

het hy gou nog sy werk deurgegaan. Dit is meestal genoeg om die vrae darem redelik te kan beantwoord. Gelukkig kry hy 'n sitplek redelik agter in die klas. Daar kan hy lekker agteroor sit en alles 'n bietjie by hom laat verbygaan. Hopelik vat die predikant nie te lank nie, dan kan hy vroeër huistoe gaan en probeer om vlak ses van sy rekenaarspeletjie te haal. Vlak sewe is alweer heelwat moeiliker.

Asof alles nie reeds erg genoeg is nie, kry hy sowaar 'n beurt om sy leerwerk vir katkisasie op te sê. Met 'n bietjie hulp van die predikant voltooi hy dit darem ook nie te sleg nie. Maar hy weet verseker dat sy geïrriteerdheid duidelik sigbaar moet wees, want die predikant kyk hom vir 'n oomblik stip in die oë.

Dit laat hom nog net meer skuldig voel. Hy het nie 'n probleem met die predikant nie. Dit is net dat niemand my verstaan nie!

Partymaal weet hy self nie waar hierdie gevoel presies vandaan kom nie. Die geringste teenslae vang hom onkant en laat hom sleg voel. Dit laat hom op 'n ander manier skuldig voel. Hy wil nie ongeskik met sy ma wees nie. Hy ken die antwoorde immers baie goed.

Waarom moet mens katkisasie toe gaan? "Pa en ek het jou laat doop. Bewustelik laat doop. By die doop het ons belowe om jou te laat leer wie die HERE vir jou is. Daarom wil ons die belofte na die beste van ons vermoë nakom. Daarom."

Van binne af

Die predikant gee opdrag om die volgende te onderstreep: "God is deur Christus my God en

Wanneer mense besig is om die kerk se ondergang te voorspel, is God besig om haar verlossing te bewerk.

- Matthew Henry

my Vader.” Hy weet dit reeds. En om dit weer te hoor beklemtoon sy skuldgevoel net nog meer. Uit homself is hy seker weer net nie goed genoeg nie...

Die predikant vervolg: “Jongmense, die Here weet presies wat in ons binneste aangaan. Hy weet selfs hoe ons gedrag in die toekoms gaan wees. En tog neem Hy ons in sy arms.”

Maar nog steeds: 'n Vader. Net so veel liefde vir my as vir Sy eie Seun.

Eintlik mis hy dit soms nog ... die sterk arm van sy pa om sy skouer. Die kameraadskap wat dit vroeër meegebring het, ervaar hy nie meer so nie. Dit is sy eie skuld. Dis hy wat nie wil hê sy ouers moet agterkom dat hy nog behoefte daaraan het nie. Net soos sy ma se kopknikke. Daarmee maak sy sonder woorde duidelik dat sy hom wel verstaan. Sy verstaan dat volwasse word nie eenvoudig is nie. “God is net so lief vir ons soos wat Hy vir sy eie Seun is. Die HERE sê dit oor en oor vir ons. Hy aanvaar nie altyd jou gedrag nie. Maar Hy bly altyd ewe lief vir jou.”

“Ek kan dit eintlik nie glo nie.” Dit was Pieter se stem. Sien jy nou! Pieter, 'n mede-katkisant, het ook moeite daarmee om dit te glo. “Mens doen mos in elk geval alles verkeerd!”

Hy is nuuskierig hoe die predikant homself uit hierdie een gaan red.

“Dis wat die hele situasie juis so indrukwekkend maak, jongmense. Ons maak inderdaad nog baie foute. Maar die Here het dit reeds lank tevore geweet. Juis hierdie sondes word voortdurend deur Hom weggewas. In julle en my plek het Hy Christus perfek laat lewe. Hy het gesterf om vir ons sonde-rekening te betaal. Daarom kan en mag ons vir Hom lewe. Selfs al

is dit moeilik om die genadegawe te glo en aan te neem. Ja, dit is regtig nie so maklik om te glo nie. Veral vir julle wat in so 'n moeilik ouderdom van julle lewens is. Jy voel nutteloos, geïrriteerd met alles en almal. Dikwels reageer jy negatief of ongeskik teenoor mense wat goeie bedoelings het met jou.”

Vasbyt

Hy vang homself uit dat hy aandagtig geluister het. Hy sit-lê nogsteeds in sy stoel, maar sy aandag is heeltemal gefokus op dit wat die predikant sê.

“Dit is die hart van ons geloof, jongmense. Ons het almal geïrriteerde, ‘af’ dae. Dinge werk nie lekker uit nie. Jy sê goed wat jy nie so bedoel nie en wat ander seermaak. Jy is vir niks lus nie. Wie ken nie sulke dae nie?”

'n Paar katkisante steek hulle hande onseker op.

Wat 'n verligting, dis dus nie net ek wat moeite het met dié soort gevoelens nie.

“Die HERE weet alles reeds van die begin af, ook alles van my. Tog het Hy sy Seun opgeoffer om van ons te kan hou.”

Jy kan dit dus uit daardie hoek bekyk. Ons is nie God se liefde werd nie. Maar nou is God my Vader. Ja, deur Christus. Hy verstaan die konsep. Maar nog steeds: 'n Vader. Net so veel liefde vir hom as vir Sy eie Seun.

Begrip

Dis tyd om huistoe te gaan. Vroeër as wat hy gedink het.

Hy verlaat die lokaal in 'n heeltemal ander bui as wat hy gekom het. Hy wil nie by die huis laat blyk dat hy in 'n beter bui is nie. Met die intrapslag sit hy maar weer 'n suur gesig op.

Hoe kan hy so wees? Dit is oneerlik teenoor sy

Geloof rus op die naakte Woord van God. En daarom, wie hierdie Woord glo, kry volle sekerheid.

- HA Ironside

ma. Wat kan sy ma in elk geval doen aan die feit dat hy hom vir haar vererg het? Agteraf gesien was dit juis 'n baie goeie ding dat sy hom katkisasie toe gestuur het. Sy buierigheid is sekerlik nie iets van die verlede nie. Hy sal weer sulke dae beleef, maar vandag se katkisasieklas het hom beslis vorentoe gehelp. Hy weet nou dat daar in die toekoms altyd iemand sal wees wat Hom verstaan, regtig beter verstaan as wat hy homself verstaan. Iemand wat van hom hou, ook al is hy in 'n slegte bui.

Hy't sommer weer nuwe moed.

Is hierdie verandering wat hy nou voel iets wat God bewerk het? 'n Onbeduidende verskil, maar vir hom is dit 'n groot ingreep.

Terug by die huis

“Hallo seun, is jy weer terug? Dit is lekker dat jy weer tuis is.”

Sien jy nou, Ma het geen kwade bedoelings gehad nie.

“Jou bui het ook gesak, sien ek. Jy het die deur hard toegeklap toe jy hier uit is. Dit het my laat wonder hoe dit met jou sal gaan by die katkisasie. Hoe was dit toe?”

Hy's skielik lus om alles met sy ma te deel. “Ja, aan die begin was ek maar geïrriteerd. Ek was niks lus vir die klas nie.” En toe vertel hy haar al die dinge wat hom aan die hart gegryp het. Dit het hom gehelp. Dat God verstaan wat in sy binneste aangaan. En dan ook nog van hom hou en hom verstaan.

“Ja seun, daarby het jy ook nog 'n pa en ma wat dit ook probeer doen. Ek het jou gevoelens van vanmiddag verstaan. Miskien reageer ons ook nie altyd ewe wys nie. Ons het soveel tekortkominge. Die oomblik is ook nie altyd reg om sake rustig deur te praat nie. En ek het ook my gebreke, ek besef dit. Dit maak my net soveel meer dankbaar vir God se versoeningswerk vir my. Ek leef ook van God se genade, net soos jy. Dit is vir my die pragtigste wat daar is.

**Wonderlik om so 'n Vader te hê.
Die mooiste ding in die wêreld!**

As daar iets is wat ek wil hê julle moet saamneem van julle opvoeding, dan is dit juis dít.

En wanneer ons vassit en verskil, dan weet jy die HERE is nog altyd daar.

Gelukkig

Fluitend stap hy na sy kamer.

Daar is nou nie meer tyd vir sy rekenaarspeletjie nie. Miskien 'n ander keer. Weet jy wat: hy gaan nog 'n bietjie lees oor wat die predikant verduidelik het.

“God is, danksy sy Seun Christus, ook my God en Vader.”

Wonderlik om so 'n Vader te hê. Die mooiste ding in die wêreld!

Die heerlijkheid van die grootste, rykste, sterkste en mees indrukwekkend koninkryk in die geskiedenis is niks, ja minder as niks, in vergelyking met die heerlijkheid van die kerk van Christus.

- RB Kuiper

CHRISTUS BEHEERS ONS

JP van Bruggen

Hoe daar in die brief aan die Kolossense gepraat word oor ons verhouding tot Christus

Onderlinge verhoudings bepaal ons maniere van omgang. Jy tree anders op tussen jou vriende as tydens 'n onderhoudsgesprek. Jy is dan nie 'n ander persoon nie, maar jy gedra jou wel anders.

Toewyding?

So word ons verhouding en ons omgang met Christus dikwels as 'toewyding' beskryf. Dit is op sig 'n goeie beskrywing, maar ons kan slegs op 'n goeie manier hieroor praat wanneer ons die regte siening het op ons verhouding tot Hom. En omgekeerd: Die manier hoe ons ons geloof uitleef, wys hoe ons na hierdie verhouding van Christus en sy volgelinge kyk.

Deesdae word daar allerhande dinge gesê as dit gaan oor ons verhouding met die Here. Soms klink dit uitdagend. Ander kere weer ontroerend. Soms voel ons aangespreek, ander kere stuit dit ons teen die bors. Hoe ons ook al hieroor oordeel, in die eerste plek moet ons altyd let op hoe die werkliklike verhouding tussen die Here en sy volgelinge na vore gebring word in hierdie uitsprake.

Die afstand tussen Christus en ons

Die manier waarop ons met mense omgaan, bepaal die werklike kontak wat daar tussen jou en ander is. Wanneer iemand tydens 'n onderhoud te familiêr of vertroulik raak, het dit waarskynlik nie die gewenste uitwerking nie. En 'n saaklike hantering van 'n vriendskap maak dit



baie vinnig oppervlakkig. Vir 'n goeie verhouding met Christus is dit daarom ook nodig dat ons die regte sig het op Sy plek en ons s'n, op die onderlinge afstand, en ook die manier hoe daardie afstand oorbrug word. Juis in die brief aan die Kolossense gaan dit oor Christus se plek in die skepping, en oor die manier hoe Hy deur gelowiges benader kan word.

Oor ons verhouding tot Hóm word onder andere die volgende gesê:

- Julle het saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf (2:20)
- Julle is saam met Christus opgewek, soek die dinge daarbo (3:1)
- Maak dood die lede wat op die aarde is.../ bekleed julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes.... (3:5 en 12)

Meerdere beelde

As ons ons net beperk tot die bogenoemde

Betigtigings moet altyd soos olie of salf wees, saggies ingevryf in die warm vuur van liefde.

- George Swinnoek

tekste, is dit dadelik opvallend dat daar oor ons verhouding tot Christus in meerdere beelde gespreek word. Ons verhouding tot Christus kan nie net in één beeld vasgelê word nie. Bostaande woorde gee die beeld van 'dood en opstanding', van 'verregaande selftugtiging' en van 'geestelike kleding'. Wanneer ons 'n ander gedeelte uit hierdie selfde brief opslaan, byvoorbeeld 1:17-23, dan sien ons net so 'n veelvoud van beelde. Soms is daar sprake van oorvleueling (1:21 en 3:7), maar meer dikwels gee die beelde 'n totaal ander, 'n nuwe siening op ons verhouding tot Christus.

Die duidelike benoeming van die teenstand en die afwysing daarvan, skep ruimte vir 'n goeie omgang met God.

Ons verhouding tot Christus kan dus nie net in één beeld vasgelê word nie. Dit is nie so vreemd nie. Die verhouding van 'n kind tot sy ouers ken ook baie meer dimensies as ons eerste gedagtes by die woord 'ouer-kindverhouding'. 'n Vader of moeder is 'versorger', 'opvoeder', 'onderwyser', 'helper' en nog vele meer. En die verskillende vorme van verantwoordelikheid en afhanklikheid speel 'n besliste rol in die onderlinge verhouding. Ons moet baie sorgvuldig met die tipering van 'n verhouding omgaan. Dink weer byvoorbeeld aan hoe graag mense vandag die woord 'toewyding' gebruik om hierdie verhouding aan te dui. 'n Woord soos 'toewyding' wys in 'n spesifieke rigting: die klem met hierdie woord lê op die gelowige aksie, en dan spesifiek op die reaksie van die gelowige gerig op Christus. Maar hierdie aspek van ons verhouding tot Christus kry byvoorbeeld slegs beperkte aandag in die Kolossensebrief. 'n Woord soos 'onderwerping' aan Christus kry

baie meer aandag, en het ook 'n breër betekenis as baie ander woorde wat soms gebruik word. Dit is goed dat ons oog vir hierdie woord kry, juis ook omdat dit so 'n belangrike plek inneem en mense dit nie meer werklik gebruik vandag nie.

Christus se plek in die heelal

Wanneer Paulus in hierdie brief oor die verhouding tot Christus skryf, begin hy nie met sy verhouding tot ons of ons verhouding met Hom nie. Hy begin met die verhouding van Christus tot die Vader (1:13) en Christus se posisie in die heelal (1:15-20).

Daarmee gee Paulus vir ons 'n belangrike aanduiding: ons kan met ál ons geloof, ál ons liefde en ál ons toewyding nie verder kom as die erkenning van 'n situasie wat reeds bestaan en ook vasstaan nie. Kom ons stel dit so: ons liefde vir Christus, of ons onderwerping aan Hom, verander niks in die groot wêreldstryd, die kosmiese stryd wat daar op hierdie aarde is nie.

Dis duidelik dat dit vir Paulus belangrik is om sy brief só te begin met die plek van Christus in die heelal. In die begin lyk dit amper asof hy die duidelike aanleiding vir sy brief (2:4-8) vergeet het. Kolossense 2:9 wys ons egter dat dit nie so is nie: die feit dat Paulus so uitwei oor Christus se posisie in die skepping is juis vanweë sy bekommernis dat die lesers nie meer bewus is wat hulle band met Christus presies inhou, nie.

Ontmaskering van teëstand skep die nodige ruimte

Paulus skryf aan mense wat, as dit oor hulle kennis gaan, nog in kinderskoene staan. Hulle kennis oor die verhouding tot Christus sal deur jare toeneem en die insig groter word, maar in werklikheid verander dit niks aan de posisie wat hulle nou reeds het nie.

Iets wat ewemin verander, is die teenstand teen

Die een reaksie wat daar nooit in die kerk mag wees nie, is onverskilligheid.

hierdie verhouding met Christus. Ook dit is reeds vroeg in sy volle sterkte aanwesig. En die teenstand fokus op hierdie een kernpunt: hoe ons ons verhouding tot Christus sien.

Paulus ontmasker hierdie teenstand reeds voordat hy die regte verhoudings aantoon. “*Pas op dat niemand julle as ’n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleidings nie...*” (Kol 2:8).

Hierdie werksmetode stem ooreen met die manier hoe Christus self te werk gegaan het. Die ontmaskering van die duiwel en sy werk het ’n primêre plek in Sy leweningeem. In hierdie brief, waarin die verhouding tot Christus ’n sentrale posisie het, gaan Paulus ook so te werk. Dit is die volgende hoofgedagte wat ons uit die brief kan haal: die duidelike benoeming van die teenstand en die afwysing daarvan, skep ruimte vir ’n goeie omgang met God.

Behalwe die plek en die aandag wat Paulus aan hierdie teenstand gee, is daar nog iets wat belangrik is: die manier hoe hy die teenstand bespreek. Hy is baie skerp oor die bedoelings en gevolge van die teenstand wat die werk van Christus deurmaak. Maar terselfdertyd is hy oortuigend: die teenstand kan nie Christus se werk vernietig nie. Ná die waarskuwing in 2:8 volg ’n breedvoerige weergawe van die eenheid tussen Christus en sy volgelinge, met die doop as middelpunt daarvan (2:9-15).

’n Slaafse pas nie by ons nie

So lê Paulus die skakel met die begin (2:15): Christus se oorwinning in die heelal. Paulus

begin dán eers skryf oor wat gesien kan word as die aanleiding van hierdie brief, naamlik die houding van die gelowiges. Die aanwysings wat deur hom gegee word, staan nie in die raamwerk van ’n (heilige) verpligting nie, maar van Christus se oorwinning. Hierdie oorwinning veroorsaak

dat ’n slaafse houding by Christene onvanpas is (2:16-19). Duidelik was daar ’n rede vir Paulus om dit te sê. Alhoewel slawerny nie juis iets is waaraan mense hul somer vrywillig oorgee nie, lyk dit wel soos ’n realistiese gevaar vir Christene. Dit lyk asof Christene soms gouer deur onbetroubare mense

met vreemde lerings aangespoor word as deur die Here Christus self (2:16 en 2:20). Alhoewel die werklike omgang met Christus juis bevrydend is, word veral jong Christene gouer aangespreek deur slaafse leefpatrone wat deur mense uitgedink en opgelê word.

Leefpatrone

Eers wanneer hierdie gevaar voldoende aandag geniet het, beskou Paulus dit as die regte oomblik om die band tussen Christus en sy volgelinge breedvoeriger uit te werk. Hy herinner die gelowiges aan hierdie feit: “*As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het*”. Dit is ’n kragtige uitspraak waarvan die presiese betekenis moeilik is om vas te stel. Myns insiens moet ons dink in die rigting van ‘patrone’. Mense leef volgens patrone. Die moderne mens dalk meer as ooit. Hierdie leefpatrone was vroeëre godsdienstig van aard. Vandag is daar meer voorkeur vir ‘neutrale’ leefpatrone. Wie sy lewe daardeur laat beheers,



As ons onthou dat ons by die dood teruggeroep word van ballingskap tot ons tuisland, na ons hemelse vaderland, sal ons dan nie vervul word met troos nie?

- J Calvyn

beland (opnuut) in die mag van mense. Soos vandag, was dit vroeër nie anders nie.

Maak sigbaar die oorwinning

Hierdie ongelooflike gebeurtenis – die bevryding uit die mag van die wêreldgeeste – kan met redelike gemaklikheid in ons lewens se vergeetboek beland. Paulus herinner ons baie kragtig aan hierdie oorwinning en gee vir ons 'n teken vir alle tye.

'Afgesterf' beteken in elk geval: die wêreldgeeste se werking is klaar. Hulle het hulle op Christus self uitgeleef, totdat daar niks meer vir hulle oorgebly het om te doen nie. Toe moes hulle Hom uitlos. Dieselfde geld ook vir ons. Ons besef dikwels nie hoeveel krag daar deur Christus vir ons vrygelaat word nie. Hoe kragtig verleiding en teenstand ook al in ons oë mag wees – daardie magte is reeds oorwin en so behoort ons hulle ook te benader.

Net 'n nederige houding pas by hierdie beeld. So 'n nederige houding beteken nie dat ons die hele tyd praat oor hoe magteloos ons eintlik is nie. Nee, dit beteken juis dat ons in ons omgang met Christus is baie deeglike besef moet hê van vryheid. Wanneer dít ontbreek, is ons kwesbaar. Dis geensins oordrewe om elke keer weer hiervoor aandag te vra nie. Die gedurige verleiding van nuwe bindings los van Christus, word steeds as bevrydend aan ons voorgedou. Dit kry houvas in ons lewe wanneer ons nie meer besef dat ons reeds bevry is nie.

'n Oop verbinding met die toekoms

Effens later neem Paulus sy volgende stap (3:1): julle is saam met Christus opgewek! Hierdie kragtige beeldspraak word met die doop verbind (2:12) en ons vind dit ook elders by Paulus (bv. Romeine 6:4). Feit en oproep vorm saam één geheel. '*Saam met Christus opgewek*' beteken:

'*die dinge soek wat daarbo is*'. Sonder die tweede sinsdeel is die eerste een onvolledig en hang dit in die lug.

In die doopsformulier kan ons iets soortgelyks vind. Belofte en eis word as die twee basiselemente van die verbond aangedui. Dit is heeltewel tereg. Christus is nie net as grond vir ons vrypraak aan ons gegee nie, maar ook tot vernuwning van ons lewe. God se liefde vir sy volk kom tot uiting in 'n lewe wat nie meer los van Christus gesien kan word nie (3:4). Daarmee kry ons lewe toekomspektief. As Christus terugkom, sal die ware lewe deurbreek.

Dit lyk asof Christene soms gouer deur onbetroubare mense met vreemde lerings aangespoor word as deur die Here Christus self.

Ons lewe en ons toekoms

Dit kan vir 'n oomblik lyk asof Paulus vir ons wil sê: 'Ag, hierdie lewe is maar net tydelik, die regte lewe lê nog voor...'. Maar hierdie gevaarlike tipe gedagtes vind ons eerder by sy teenstanders. Paulus probeer nie om die huidige, gebroke werklikheid teen die verlore skepping af te speel nie. Hy wys ons juis op die geweldige eenheid tussen die twee. Die eenheid is nie sigbaar nie en is in ons eie lewe allermins voor-die-hand-liggend. In hierdie opsig verskil ons lewe partykeer maar min van Christus se lewe op aarde. Juis in ons kontak met ons Redder en Koning sal hierdie eenheid na vore kom. Deur te soek wat daar bo is maak ons juis hierdie eenheid tussen vandag en die komende ryk sigbaar!

Net as ons aanhou soek, sal ons die koninkryk van God vind. Om te soek, vra bo alles:

Die kruis is hoog verhewe bo al die opinies van mense, en tot daardie kruis sal eendag alle opinies kom vir oordeel.

- AW Tozer

konsentrasie. Om nie besig te wees met ander dinge nie. Jou konsentreer op daardie één ding wat nie sigbaar is nie. Of, in ons geval, konsentreer op baie dinge wat daarbo is. Ons uitgangspunt is nie in 'hoe ons voel' nie, maar 'wat ons glo en hoop'.

'n Oortuigde houding

As ons let op die manier hoe Paulus sy boodskap bring, asook die aanwysings wat hy vir ons gee en wat reeds hierbo bespreek is, dan kan ons die gevolgtrekking maak dat Paulus 'n vasberade houding veronderstel, 'n ingesteldheid waar die sekerheid van die oorwinning afstraal van ons lewe. Paulus openbaar self, ook teenoor Christus se gemeente, (meestal) hierdie houding.

Ons uitgangspunt is nie in 'hoe ons voel' nie, maar 'wat ons glo en hoop'.

Met ons is dit dikwels anders. Ons klink baie keer so bekommerd. Ons is meesters as dit kom by die vashou en koester van sondes en ellendes. In gebare, woorde, gedagtes en werke. En wanneer ons die dag 'n Christen ontmoet wat in ons oë maar alte blymoedig is, dan is ons nie tevrede alvorens ons nie by hom of haar die nodige swakhede ontdek het nie. Dis verstaanbaar dat ons so optree, maar dit pas nie by die vryheid en die oorwinning in Christus nie.

Word 'n nuwe mens

Paulus probeer nie om die gebrokenheid en stryd weg te redeneer nie, maar hy plaas dit binne die bogenoemde raamwerk. Dit neem ons gekla oor daaglikse stryd teen die sonde, teen ongeloof en moedeloosheid weg. So iets is net glad nie meer gepas nie! Wie wil dan nog vuil en verslete klere aantrek wanneer daar reeds nuwe klere vir ons lê en wag?!

Paulus gebruik 'n alledaagse beeldspraak (3:12) vir iets wat (op die minste) jare neem om te gebeur. Karaktereïenskappe kan jy nie sommer binne een dag verander nie. Byvoorbeeld, voordat iemand jou sou beskryf as sagmoedig en vol innerlike ontferming ens – dit kan 'n jarelange proses wees. Dit is immers God se eienskappe. Ons ken Jesus Christus so, ons ken nie onself so nie.

Maar al gaan ons lewe ook hoe gebuk onder die smet van vuil en sondige gewoontes (3:8), kan dit nie ons daaglikse vernuwning in die pad staan nie. Dit hou in dat ons Christus se lewe aangryp as dié soort lewe wat ons wil lei. Hoe onnatuurlik dit ook mag lyk, vir 'n gebroke mens, 'n sondaar: elke dag wil God ons na Hom sien kom, as mense wat ten minste van één ding seker is: God sal ons nie weier wat Christus vir ons wil gee nie. Al hoe meer hulpbehoewend, al hoe minder hulpeloos.

Al die sorg in die wêreld sal ons nie 'n minuut langer laat leef as die tyd wat vir ons deur ons God bepaal is, nie.

- JC Ryle